Geliefde Lourensrivierder

"The hills are alive with the sound of music!" Vandag wil ek sommer net sing, want ons is geseënd en dien 'n God van liefde en genade onbeskryflik groot♫

Ons fokusteks hierdie week is uit Psalm 9. Ds Willem Botes skryf die volgende:
Dawid se gebed is 'n gebed om genade. Hy sê nie vir God wat hy nodig het of wat God moet doen om sy situasie te verbeter nie, sy gebed is net 'n gebed om genade, dan los hy alles in God se hande sodat God sake op sy tyd kan uitwerk – Dawid is oortuig dat dit sal gebeur.

Ons skryf so maklik vir God voor wat Hy moet doen, maar al wat ons eintlik nodig het, is sy genade.

Redes waarom vir genade gebid word. (15)

1. Sodat hy God kan prys, sodat hy van God se roemryke dade kan vertel. Hy wil getuig in die poorte – daar waar die slim en invloedryke mense sit.
2. Sodat hy kan juig oor die uitkoms, die verlossing wat God gee. God gee uitkoms in tye van nood. Dis in tye wat ons in 'n diep put is, dat ons beleef hoe God ons uitlig.

Dis darem 'n bemoedigende wete nê! Selfs Jesaja het daaroor geskryf♫

Mag die komende skoolvakansie vol van God se genade vir jou wees sodat jy ook van Sy roemryke dade kan en wil vertel!

NUUSKRUMMELS: 21 JUNIE 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

ONS WOEKER NOU LEKKER BY DIE KERKKANTOOR♫♫

- Anna se lekker beskuit (Mosbeskuit & Ontbyt) @ R40 per pak
- Anna se yummie Milo & Broskoekies @ R25 per pakkie
- Anna se Marmelade @ R30 per potjie (470 ml)
- Bettiesbaai rou heuning @ R50 per potjie (400ml)
- Lappiesboontjies @ R45 p/kg (vir heerlike sousboontjies of onweerstaanbare boontjiesop)
- Lekkergoed (verskillende pryse)
- Anna se Perske Blatjang @ R35 vir 630g (beter & meer as Mrs Balls!)
- Anna se Perske & Appelkoos Blatjang @ R35 vir 630g (beter & meer as Mrs Balls!)
- Boekie: Lig op 'n Chirurg se pad R50 (R25 vir kerk en R25 vir Evangelisasie)

Droë Vrugte:

- Snippers (200 gr) @ R20 per pakkie (deurmekaar vrugte)
- Kakamas Perskes (taaipit) @ R60 p/kg
- Cederberg Perskes (lospit) @ R60 p/kg
- Pere @ R60 p/kg
- Pruime @ R60 p/kg (nog net 5 pakke oor)

VIR EFT'S OF FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & voedselfees)

Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

GEMEENTE ETE TBV VOEDSELFEES
(BASAAR HIERDIE JAAR)
reeds by kerkkantoor beskikbaar
(net tot 20 Julie):

AANSIT - ETE

Lourensrivier Gemeente
27 Julie 2018 @ 18:30
Lasagne met Slaai en Brood
& Poeding

Kaartjies: R60 pp

Gesellige saamkuier, vermaak en verrassings
Bring asb eie glas en drankie.

Skakel Kerkkantoor:
021 853 5991

SKRYF SOMMER NOU AL IN JOU DAGBOEK!!!

M.A.G.

Meisies Agter God

Jy en elke vrou in jou lewe is uitgenooi na 'n bederf oggend in God se teenwoordigheid.
Jy M.A.G. dit nie misloop nie

Tema: Ek is . . .
Datum: 15 September 2018
Tyd: 10h00
Plek: Lourensrivier Gemeente
Koste: R50 p/p

Kaartjies beskikbaar by kerkkantoor.

NUUS UIT ONS GEMEENSKAP:

Winter Middagete 2018

***

Vrydag, 6 Julie 2018 – 11:30 vir 12:00

Kom geniet soos altyd 'n heerlike warm ete by ons jaarlikse Winter Middagete!

Bespreek asb vroegtydig by die Dienssentrum Ontvangs om teleurstelling te voorkom, slegs 'n beperkte aantal sitplekke beskikbaar.

Spyskaart

Geurige skaapboud skywe

Gemarineerde hoenderboudjie

Gebakte aartappels

Outydse patat met lemoen en gemmer

Gemengde groente repies

Nagereg

Gebakte dadel en pekanneut poeding met warm vla

Koffie / Tee

Prys per person R120.00

Heerlike vermaak asook verrassings wat wag!

Wyn en sap sal voorsien word.

KNIEWERK

- Ons loof die Here en dank Hom vir die reën en dam vlakke wat gestyg het.
- Ons bid dat die gemeenskap steeds water sal bespaar.
- Bid vir ons land se leiers
- Sannie le Roux vir gesondheid
- Doreen Tancred het hartaanval gehad
- Ons innige meegevoel met Petrie en familie met die skielike heengaan van sy suster se seun

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 24 JUNIE SE BOODSKAP: PSALM 9 (5DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

In Psalm 9 is 'n klomp verskillende emosies betrokke. Dank, lof, blydskap en vreugde. Daar is ook leed, klag en selfs woede. Dit is duidelik dat die digter 'n intieme en persoonlike verhouding met God het wat hom vreugde gee. Maar daar is mense (vyande, magte) wat sy vrede en vreugde steel.

Die beelde van God as koning en regter wil gelowiges wat swaarkry bemoedig en versterk. God is die koning wat heers en regeer. En Hy is ook die regter wat reg sal laat geskied. Hy sal die onreg herstel in reg. Ons taak is om hierdie boodskap te gaan verkondig en te gaan <u>leef</u> (2, 15).
Dit is die kerk se taak. Dit is ons opdrag om die magtige dade van die Here in die wêreld te verkondig:
Te verkondig dat Hy die krete van hulle wat ly, hoor en hulle nooit sal vergeet nie
Te vertel dat geen konflik of verskille anderkant die versoening in Christus lê nie
Te vertel dat geen verlatenheid ons kan skei van die liefde van God in Christus nie
Te verkondig dat Hy die koning en regter is wat heers en regeer vir altyd.

SKUILING:
Coffee Snobs gebruik gesoute akteurs, Albert Maritz en Nadia Beukes, om die werklikheid uit te beeld van ons samelewing waar 'n mens vasgevang raak in 'n materialistiese wêreld, omstandighede jou insluk en jou tot die uiterste dryf. In die gebroke wêreld is daar dan net een plek waar jy Skuiling kan vind, en dis by jou Skepper!
Klik op hierdie skakel en luister na die mooi lied: **https://www.youtube.com/watch?v=522ZsNFhUJs**

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier